Cannot view the email properly? View it online

VrydagNuus

20 September 2024



Om heel te word uit Prediker uit

Prediker is ‘n skeptiese boek. Daar is teenstrydighede in Prediker wat dadelik opval wanneer jy dit lees. Teenstrydighede met Bybelse konsepte soos hoop en volharding maar ook teenstrydighede met sy eie storie en die trant van sy skryfwerk. Prediker is een van die *gokhmah* (wysheid) geskrifte in die Ou Testament.

Die Wysheidsgeskrifte het probeer om leermeesters te wees wat mense begelei na die sin van die lewe en ‘n gelukkige lewe. Hulle was op soek na daardie verborge deugde wat mense in pas kry met die ritmes van die natuurlike, die bonatuurlike en die mensdom op hierdie planeet. Maar meer swartgallig en pessimisties as Prediker kry jy nie sommer nie. Die skrywer reken daar is absoluut geen sin in die lewe nie. Alles is ‘n gejaag na wind. En alles is sinloos. So die vraag wat opkom, is: Hoe kan dit wysheid wees?

Kyk hoe begin hoofstuk 1 (Afr20):

> ‘Sinloos, volslae sinloos, sê Prediker,
> sinloos, volslae sinloos; alles is sinloos!
> Watter voordeel is daar vir 'n mens met al sy inspanning
> waarmee hy hom afsloof onder die son?’

Lesers wat met wakker sintuie deur Prediker lees, kom vinnig agter dat hy homself plek-plek ‘weerspreek’. Spesifiek dat hy sy pessimisme partykeer ver weg toeknoop en eenvoudige doendinge ontsluit wat heelheid bring en genees. Veral as dit voluit en met oorgawe gedoen word soos wat sy wysheid dit aanbeveel.

Hy skryf onder andere:

- eet jou brood met vreugde,
- geniet die tyd met mense vir wie jy liefhet,
- die beste vir 'n mens is om vrolik te wees en die lewe te geniet,
- doen jou werk met oorgawe.

Dit beaam glad nie die klanke van ‘n sinlose bestaan nie. Met tyd ontdek ‘n mens dat die Gees van Christus die Prediker se oënskynlike weersprekings op nuwe wiele sit en ons help met die herstel van die verhoudings waarbinne ons leef. Ons verhouding met die Here, ons verhoudings met mense, ons verhouding met onsself, ons verhouding met die werkplek en al die verhoudings waarbinne ons bestaan.

Dit is sulke skaafwerk aan ons verhoudings wat help om heelheid sinvol na te jaag.

Gebed:

Kom Skeppergees, kom en herskep ons verhoudings met God, met onsself, met die wêreld, en met ander!

Amen.

(gebed - erkenning aan prof. Cas Wepener)

Groete
Dave

Ns: Ons volgende VrydagNuus word DV weer op 4 Okt afgelewer.

22 September

Deuroffers: Badisa

Erediens | Kerk @ 09:00
Dave Viljoen
Erediens | Kerk @ 10:30
Dave Viljoen
Erediens | Kerk @ 18:30
Christi Thirion

Kinder- en Jeugbediening afgesluit vir die vakansie.

Aanlyn erediens - Kenridge Gemeente YouTube - **kliek hier.**

Matriekdiens

6 Okt tydens die aanddiens

Ons nooi alle matrieks en hulle ouers na die **Matriekdiens** op 6 Oktober om 18h30. Kom geniet 'n stukkie koek en 'n koppie koffie na afloop van die diens.

Gr 7 - Oorstap

Toegerus vir 'n nuwe hoofstuk

Ons nooi alle gr. 7's en hul ouers na die **Oorstap-kursus** wat plaasvind in die vierde kwartaal:

Elke Sondag gedurende Oktober, na die 09h00 diens

- Grootsaal
- Werkswinkel aanbieding en gesprekke vir ouers oor ouerskap in hierdie fase en vir tieners oor wat die Here vir ons droom.

- Ons beplan ook 'n naweek-avontuur (details sal bevestig word).

Meer inligting is beskikbaar by Christi Thirion.

Gebedsbediening

Lidmate wat 'n behoefte het om saam met 'n gebedsvrywilliger te bid, kan aanmeld in die vertrek langs die kerk ouditorium tussen die oggend eredienste.

Lidmate word ook genooi om aan te meld as voorbidders by die gebedspan. Kontak gerus vir Christi in hierdie verband.

Connect kuier

7 Okt @ 18h30

Almal is baie welkom by die vierde kwartaal se Connect kuier - ***It's a Mexican Fiesta!***

RSVP asb teen 2 Okt by Teresa deur 'n e-pos te stuur aan: kantoor@ngkenridge.co.za



Gebedsfokus

Gebedsbulletin

Die volledige gebedsbulletin vir die vakansie is op die webtuiste beskikbaar.

Gebedsversoeke

Gebedsversoeke kan aangemeld word deur ’n WhatsApp te stuur na die gemeente WhatsApp nommer (+27 76 492 0008) of aanlyn op die webtuiste (skakel bo).

Kerkkantoor:

Ma - Do 09:00 - 16:00

Vry 09:00 - 13:00
tel no: (021) 913 4206
e-pos: kantoor@ngkenridge.co.za
webtuiste: www.ngkenridge.co.za

LIKE

KENRIDGE GEMEENTE

FORWARD

Bankbesonderhede:

NG Gemeente Kenridge

FNB, Willowbridge

Tjekrekening: 62622466458

Takkode: 250655

Snap here to pay

SnapScan